

A R Olivier

Navorsingsgenoot, Departement Ekklesiologie,
Universiteit van Stellenbosch

Die NG Kerk en die Tweede Wêreldoorlog – verkennde aantekeninge oor die invloed van ideologie op die verhouding tussen kerk en staat

ABSTRACT

**The Dutch Reformed Church (DRC) and the Second World War – preliminary notes
on the influence of ideology on the relationship between Church and State**

Very little has been written on this specific topic. The period and topic under discussion represents a highly emotional one and many of those who experienced it are still alive. We are therefore aware of our responsibility regarding objectivity since this field of study is still young in historiographical sense.

This article can only be regarded as an exploration in this field with the purpose to focus on the effect of ideology on the role the church or at least church leaders played in relationship to the state. This article will also prove evident that Church Historiography cannot be practised in isolation. In this regard the interaction between socio-political and ecclesiological matters are at stake.

INLEIDING

In die periode van die tema was die verhouding tussen kerk en staat ideologies bepaal. Die praktyk van ideologiese denkraamwerke is geïntensiveer deur die spanning wat opgebou het met die aanloop tot die oorlog en tydens die verloop van die oorlog.

In die periode van die oorlog is die kerk dikwels daarvan beskuldig dat hy politieke voorbehoude enersyds en voorkeure andersyds geopenbaar het. Die beskuldigings het gewoonlik gepaardgegaan met baie emosies en daarom is dit moeilik om die geldigheid en omvang van oorlewering of selfs mediaberiggewing by die blote lees daarvan na werklike waarde te beoordeel.

In die uiteensetting gaan ons aanwys dat die NG Kerk, ten minste by wyse van leiers, wel bepaalde politieke voorkeure gehad het, wat deur ideologiese denkraamwerke en ook voorkeure beïnvloed is. Ons gaan aantoon hoe die bediening van die kerk gekritiseer is as gevolg van die politieke en ideologiese sentimente en selfs aktiwiteite. Die bedoeling is om die leser daarvan bewus te maak dat die heersende ideologiese voorkeure binne kerklike geleedere 'n invloed het op die verhouding van die kerk met die staat.

Ons fokus kortliks op die besondere aard van die verhouding van die kerk tot die lidmate in volksverband; die kerk se reaksie op die vraag van deelname aan die oorlog; faktore wat die spanning laat verdiep het (aansluiting by die Ossewabrandwag, internering van predikante en die

sogenoemde Rooi-lussie-kwessie), en die kerk se reaksie op die behoefte aan bediening aan soldate.

Die verweefdheid van kerkgeskiedenis en algemene geskiedenis is baie duidelik uit die verwickelinge van die tema. Die geskiedenis van die kerk se rol tydens die oorlog is onbegryplik indien die konteks voor en tydens die oorlog nie deeglik in ag geneem word nie.

Hierdie artikel maak in geen opsig aanspraak op volledigheid nie, maar is bedoel om 'n aktuele tema in die geskiedenis van die NG Kerk te verken en verdere navorsing daarvoor aan te moedig.

DIE NG KERK EN “DIE VOLK”

Dit is onontbeerlik om te wys op die intense betrokkenheid van die kerk by die nasionalistiese ontwikkeling van die Afrikaner in die spesifieke tydsgerig van die oorlog en die onmiddellike dekades wat dit voorafgegaan het. Dit het 'n bepalende invloed gehad op die manier waarop die kerk sou reageer op die moontlikheid dat sy lidmate aan 'n oorlog buite die grense van die land moes deelneem. Vervolgens enkele opmerkings en aanhalings van tipiese beskouings wat in Afrikaner-kerklike kringe geleef het.

Die volk het “verslae en verarm uit die vryheidsoorlog getree”. Die kerk het daarvoor simpatie gehad en daarom is die kerk in die woorde van dr J D Vorster, 'n verteenwoordigende kerklike denker uit die tyd, gesien as “die enigste ware tuiste vir die volk” (Vorster 1979:onderhoud). Die terrein is nie vooraf in die NG Kerk formeel beredeneer nie en daarom het die begrippe “kerk” en “volk” maklik versmelt tot “volkskerk”. In die geskiedenis van die NG Kerk, veral in die voorafgaande halfeeu, is aanvaar dat die kerk en die volk intiem verbonde was. 'n Tiperende element van die verhouding was “beveiliging” teen die agtergrond van 'n verskeidenheid bedreigende elemente. Hieronder het getel die ervaring van die Britse imperialistiese beleid tydens die vryheidsoorloë, die kommunistiese ideologie en die bedreiging van wat erbaar is as die “kleurvraagstuk”. Volgens die beskouing van die tyd is kommunisme as 'n bedreiging gesien deur die wit minderheid omdat die swart getalle-oormag dit gunstig as 'n sosio-politieke oplossing kon oorweeg. Die moeilike dertigerjare van die twintigste eeu met die depressie en droogtes het die verarmde Afrikaner nog meer onder druk geplaas en die kerk het dit as sy roeping beskou om die lidmate uit daardie geleedere by te staan.

Wanneer die bydraes van lesers in *Die Kerkbode* van daardie tyd deurgelees word, kry ons die aanvoeling dat moontlik die meerderheid lidmate 'n sterker aanvoeling gehad het vir die nasionalistiese strewende van Duitsland teenoor die imperialistiese geskiedenis van Engeland. Daar is ook geglo dat die aansluiting by 'n nasionalistiese bondgenoot 'n keerwal kon wees vir kommunistiese invloede. Hulle het ook voorkeur uitgespreek vir die opbou van eie volksbelange eerder as vir die verdediging van ander volke se belange.

Uit hierdie enkele opmerkings is dit duidelik dat die moontlike betrokkenheid by 'n oorlog in aansluiting by Engeland en buite die grense van die land 'n bepaalde reaksie in die benadering van die kerk sou uitlok.

REAKSIE OP DIE VRAAG OOR DEELNAME AAN DIE OORLOG

Die stemme teen oorlogsdeelname het gou en duidelik opgeklank. Op 2 September 1939 het Afrikaanse studente op 'n monstervergadering by die Universiteit van Pretoria onder leiding van A E Rupert besluit om die Unieregering te versoek om in die komende stryd neutraal te bly (BOPG 1953:24).

Hierdie besluit is onderskryf deur die Afrikaanse Nasionale Studentebond, wat takke by die Universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch en die Witwatersrand gehad het. Hierdie optrede

was in reaksie op 'n berig in *The Star* van 31 Augustus 1939 waarin aangevoer is dat Suid-Afrika in die komende stryd “onmoontlik neutraal kan bly” (*The Star* 31 Aug 1931).

Verskeie stemme het ook opgeklank teen, wat geglo is, 'n “aanvegbare manier” was waarop daar besluit is om aan die oorlog deel te neem. Die vraag of Suid-Afrika aan die oorlog moes deelneem, het op 'n dramatiese stemming afgekom waarin beslis is dat Suid-Afrika wel sou deelneem (Joubert 1973:4). Daar was natuurlik ander stemme in kerklike geleedere wat die Smuts-regering gesteun het in sy besluit om aan die oorlog deel te neem. Die polarisasie wat ontwikkel het tussen die opponerende groepe (vir en teen deelname aan die oorlog) het die spanning in die samelewing en natuurlik ook in die kerklike lewe laat oplaai.

Hierdie toedrag van sake word bevestig in 'n vergelykende studie wat Denis onderneem het oor die benaderings van *Die Kerkbode* en die *The Southern Cross* ten opsigte van die oorlog. Hy het ook die breër kerklike samelewing se posisie onder oë geneem. Hy het die volgende bevind: “*Die Kerkbode's* articles reflected a range of positions from active involvement in Smuts's war effort to support for Nazi Germany.” In ons eie studie van wat in *Die Kerkbode* na vore kom in daardie tyd, dui hierdie bevinding van Denis op die menings van bydraes in *Die Kerkbode* eerder as op die amptelike beleid van die redaksie. Hy bevind die *The Southern Cross* “tended to take a neutral stance on the question of the war”. Dit ten spyte van simpatieke voorkeur vir die Geallieerde magte. Die Anglikane het Engeland deurentyd ondersteun (Hofmeyr & Pillay 1994:241). Die rede vir die amptelike neutrale houding van die *The Southern Cross* was dat dit die pous se beleid was. Hy vind dat *Die Kerkbode* 'n neutrale houding verkies het want “tensions were not absent”. Die rede was dat “its readers and contributors stood behind Hertzog and D F Malan in their rejection of Smuts's war support of the Allies, while a few went further in praise of the ideology of National Socialism”. Denis lei af “neutrality was not an easy position for the Dutch Reformed Church” (*Journal of Theology* 1992:47). 'n Studie oor Port Elizabeth en die Tweede Wêreldoorlog toon aan dat “apart from the neutral stance of the DRC, the local Christian churches supported the war effort” (Wilken 1998:Abstract). Die dominante groep in daardie gemeenskap was “White English-speaking”. Die neutrale posisie van die NG Kerk was 'n weerspieëling van die amptelike benadering van die kerk om hom sover moontlik van kantkiesery te weerhou.

Die oorlog is uit verskillende kerklike oorde gesien as 'n godsdienstige oorlog. Die algemene trant daarvan in *Die Kerkbode* was volgens Denis “a highly moralistic explanation of war” (*Journal of Theology* 1992:40). Omdat mense God eenkant toe geskuif het, straf Hy deur die oorlog toe te laat of selfs te stuur. Dit het in talle bydraes van lesers en leraars deurgekom en was ook die redakteur, dr M J van der Westhuyzen, se benadering. Die antwoord wat aangebied is, was dat lidmate hulle moet bekeer en tot God moet bid.

Die oorweldigende gevoel uit *Die Kerkbode* en *The Southern Cross* was dat die toekoms van die Christelike beskouing op die spel was omdat die Christendom Europees gesien was (*Journal of Theology* 1992:41). *The Southern Cross* wys op die twee bedreigende ideologieë vir die kerk, naamlik Kommunisme en Nazisme wat 'n nie-aanvalsverdrag in Augustus 1941 gesluit het. Dit is beskou as 'n ateïstiese aanslag op 'n Christelike Europa. Ateïsme is in die Rooms-Katolieke Kerk gesien as “the flat denial of the Christian philosophy of life”.

Die amptelik kerklike reaksie in die NG Kerk het oorwegend die patrone gevolg wat Denis en ander waargeneem het in hulle studies. Die vraag na deelname was nie ter sprake by die Natalse Sinode van 1940 nie, terwyl die Transvaalse Sinode in dieselfde jaar hom van enige direkte uitsprake weerhou het. Die Kaapse Sinode van 1940 was baie duidelik teen die oorlog gekant en “'n ondertoon teen Suid-Afrika se deelname daaraan was beslis merkbaar” (Van der Watt 1987:364). Die Sinode het wel lidmate wat besware gehad het teen Suid-Afrika se deelname tot kalmte gemaak.

Die Vrystaatse sinodale byeenkoms van 1940 het hom beslis teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog uitgespreek. Die kerk sien dit as sy taak om “alle handeling wat die rigting van die volkslewe, die volkswil en die Christelike gewete van die volk raak, aan Gods Woord te toets en daaromtrent aan die volk leiding te gee” (Van der Watt 1987:365).

Hieruit sien ons dat die kerk oorwegend versigtig was en in die algemeen nie kant gekies het teen deelname aan die oorlog nie. Die Vrystaat het dit wel gedoen. Daar was egter geen aanduiding dat daar amptelik oorweging was om deelname te steun nie. Ons kan dus aflei dat die amptelike mening van neutraal tot antideelname gewissel het en beslis nie deelname gesteun het nie.

’n Betekenisvolle gebeurtenis het tog dalk ’n groot bydrae gemaak tot die kerklike benadering om verantwoordelik om te gaan met die roeping om lidmate in alle omstandighede te bedien. Dr F E O’Brian Geldenhuys vertel van dr William Nicol, moderator van die Transvaalse Sinode, wat in die begin van 1940 alle Transvaalse predikante en sendelinge genooi het na die plaas Grootfontein. Daar is die paar honderd mense wat opgedaag het met gasvryheid ontvang. Dr Nicol het die vraag gevra na hoe die kerk sy taak verstaan het in die gespanne atmosfeer wat die oorlog gebring het. Hy het sprekers met uiteenlopende oortuigings aan die woord gestel. Nadat indringend debat gevoer is, is almal daar weg met die oortuiging dat die bediening van die evangelie groter was as enige politieke verskille. Dit het beslis ’n bydrae gelewer tot die opneem van die verantwoordelikheid van die geestelike versorging van soldate (Geldenhuys 1982:14). Dit het egter nie verhoed dat daar wel baie spanning was nie.

As voorbeeld van die spanning word verwys na dr De Vos, ’n voormalige predikant van die NG Kerk in Durban, wat die NG Kerk daarvan beskuldig het dat dit na sy mening die “most powerful political party in the country” was. Hy het die NG Kerk verlaat om ’n ander kerk te stig. Soos A M Conroy het hy die noue verbintenis tussen die kerk en die Nasionale Party bevraagteken. “His motives might have been dubious. At the beginning of the war he was himself a member of the Ossewabrandwag movement.” Hy het dit verlaat ná ’n ontmoeting met Van Rensburg in Augustus 1941 (*Journal of Theology* 1992:48).

Die reaksie op deelname aan die oorlog, of nie, was dus uiteenlopend. Daar was lidmate wat die oorlogsdeelname van die Smuts-regering gesteun het. Die meerderheid in Afrikanergeledere en by name die NG Kerk-geledere was teen deelname gekant. Die kerk was met goeie reg versigtig om kant te kies, maar het tog soms die gevoel van die meerderheid laat deurskemer.

Dit is reeds duidelik dat lidmate se verskillende politieke en ideologiese verbintenis se ’n invloed sou hê op hoe die kerk sy rol in die samelewing en veral in verhouding met die staat sou moes speel.

DIE SPANNING VERDIEP

Toe die historiese besluit geneem is om as Brittanje se bondgenoot toe te tree tot die oorlog het dit gevolge gehad in die Afrikaanse geledere en die kerk.

Smuts het voortgegaan op die oorlogspad en J B M Hertzog, D F Malan en ander het aangedring dat Suid-Afrika neutraal moes bly. Oswald Pirow, ’n voormalige Minister van Verdediging, het in sy “Nuwe Orde vir Suid-Afrika” die Nasionaal-Sosialisme voorgestaan. Hy het uitgebreide reise in Duitsland onderneem. Lidmate van die kerk het verteenwoordiging in die verskillende politieke ondersteuningsgroepe en ideologiese perspektiewe gehad wat uiteraard die spanning help verdiep het.

Die betrokkenheid van predikante by die volgende terreine het die kerk by kritici onder verdenking gebring.

Die Ossewabrandwag (OB)

Die intrekking van burgerlike gewere in Junie 1940 en die aktiewe beweging onder Afrikanergeleedere ter bevordering van die droom van 'n onafhanklike republiek, het deelname aan aktivistiese organisasies laat toeneem. Die vars herinneringe aan die Historiese Ossewatrek van 1938 en die besielende rol wat Henning Klopper daarin gespeel het, het bygedra tot die momentum. Hy was 'n toegewyde gelowige en het die Bybel meer as 22 keer deurgelees. 'n Sprekende voorbeeld van hierdie Afrikanereuforie en kerklike betrokkenheid word weerspieël in die Bybel in Afrikaans met 'n afbeelding van die Voortrekkermonument in goud voorop gedruk. Dit was weliswaar 'n gedenkuitgawe en 'n kosbare kleinood vir baie, maar tog ook 'n aanstoot vir ander wat dit gesien het as die kulminasiepunt van die onkritiese verweefdheid van kerk en volk.

In 1939 het die Ossewabrandwag (OB) 'n prominente rol begin speel en die simbole van Afrikanernasionalisme lewend gehou. Die kommandogedagte van die republikeinse verlede is daarmee verbind. Baie predikante het daarby aangesluit en aktiewe rolle in die OB gespeel. Hulle het hulle maklik vereenselwig met die leuse "My God, my volk, my land Suid-Afrika". Die opkoms van Nazisme en Fascisme het hierdie beweging geraak en daar was beslis ondersteuning vir genoemde ideologieë.

Ds C R Kotze van Bloemfontein was bekend as onkreukbare Afrikaner wat geen kompromie geken het nie. Die OB het sy ontstaansvergadering in 1939 in die pastorie van ds C R Kotze gehad. Dit was die breinkind van kol J C Laas van die Christiaan de Wet-kommando in Ladybrand (Olivier 1981:21). Hy is in Julie 1940 op die eerste behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Hoofraad, genoem die Groot Raad, herkies tot voorsitter van die OB.

Dr D F Malan het gewaarsku teen rebelliëgedagtes toe 30 000 Afrikaners op 20 Julie 1940 in Bloemfontein bymekaargekom het om teen die oorlog te protesteer.

Toe begin sterk emosiebelaaide berigte in die koerante verskyn met die verwyt dat die kerk hom ingelaat het by die partypolitieke stryd, berigte met uitlatings soos: "Ons kerk het kant gekies in die politiek en maak hom selfs aan politieke drywery skuldig." Die beskuldigings het nog meer spesifiek geword: "Daar word ernstige twyfel gewek by lidmate deur dominees se betrokkenheid." Die omvang hiervan kon nie te geïsoleerd gewees het nie as nog 'n berig lui: "Die meeste dominees staan met die een voet in die politiek." *Die Suiderstem* berig selfs van ds J S du Toit wat aangestel is as generaal in die Ossewabrandwag (*Die Suiderstem* 7 Aug 1940).

Die regering het in 1940 sterk te velde getrek teen die OB. Die kerk is nie gespaar nie en daar is "verontwaardiging uitgespreek teen landwye godsdienstparades van die OB" (*Die Suiderstem* 25 Sep 1940). Die kritiek van die regering teen die "Hollandse dominees wat betrokke geraak het by die Ossewabrandwag" het die NG Kerk geïmpliseer.

Berigte waarsku teen die skeuring wat dreig in die kerk en dat honderde lidmate al die NG Kerk verlaat het as gevolg van die "houding wat plaaslike predikante ingeneem het teenoor die Ossewabrandwag" (*Die Suiderstem* 25 Sep 1940). Een voorbeeld hiervan is die spesifieke verwysing na 'n skeuring in Patterson se gemeente as gevolg van die bedrywigheid van die OB daar.

Dr D F Malan het in sy latere afwysing van die OB die kerk betrek. "As dit ons godsdienst, ons sedelikeheid as volk, en die reg van ons gewete betref, kan die kerk nie neutraal bly nie" (*Die Ossewabrandwag* 12 Sep 1941). Die reaksie van die OB was veelseggend: "Dr Malan weet so goed soos ons dat die kerk uit Afrikaners van alle politieke oortuiging bestaan, en indien die kerk gehoor sou gee aan sy oproep om kant te kies in die politieke stryd, 'n herhaling sou wees van 1914. Die kerk is die Afrikaner se groot heiligdom en Malan wil net die kerk vir sy eie doel gebruik" (*Die Ossewabrandwag* 2 Des 1942). Hierdie aanhaling stel die problematiek waarmee die kerk te doen gehad het baie duidelik. Die ontsluitingsgeheim van die totale problematiek is tog dalk goed deur H G Stoker raakgevat met sy publikasie *Stryd om die ordes*. In die hele verloop is

die sentimente getipeer in die terme van die tyd. Hoe gewigtig ideologiese tiperings was, kan uit die volgende opmerkings gesien word. Daar was die liberaliste (sonder meer gelykgestel aan imperialisme); dié wat nasionalisme voorgestaan het, en diegene wat eerder vanuit 'n Calvinistiese lewensbeskouing gedink het. Dit alles is verswaar toe 'n groep aangewys is as Nasionaal-Sosialisties. Daar is selfs gepraat van Brits-Joodse kapitalisme, en daarmee saam Britse parlementarisme. Die ideologiese dominerende van die politieke toneel is deur dr D F Malan aangewys toe hy op 4 Februarie 1940 sy mosie van wantroue gestel het. Hy het verwys na “die onoorbrugbare kloof tussen die Suid-Afrikaanse nasionalisme en die Britse imperialisme” (BOPG 1953:34).

Die kerk het die sensitiwiteit vir die stryd wat gewoed het, verwoord in *Die Kerkbode*: “Die kerk is bewus van die worsteling wat gewoed het op die gebied van die menslike gees waar wêreld en lewensbeskouing gevorm word.” Die kerk het hom veral uitgespreek teen die ideologieë van kommunisme en Nasionaal-Sosialisme “wat al die mag in een persoon vestig en wat alle lewenskringe ... aan die totale seggenskap van die staat onderwerp”. Dit kan “op grond van God se Woord nie goedgekeur word nie” (*Die Kerkbode* 26 Mrt 1941). Hieroor kan daar misverstand wees. In Alan Paton se werk *Apartheid and the Archbishop* beweer hy: “... on the whole it can be said that *Die Kerkbode* regards Hitler and Naziism with neutrality if not equanimity”. Hy vervolg deur te sê dat *Die Kerkbode* nooit kritiek uitgespreek het teen Nazisme nie. Dit is egter nie waar nie. 'n “Condemnation in very general terms of Naziism was voiced in the newspaper” (*Die Kerkbode*) (*Journal of Theology* 1992:49).

Die kerk het met die regering in gesprek gegaan oor kommunisme en die antwoord van Smuts op 14 Julie 1941 was: “... laat niemand sê dat ons met kommuniste saamspan en die saak van die kommuniste dien nie”.

Toe die OB hom in die openbaar uitgespreek het teen demokrasie het die kritici skerper gereageer en senator A M Conroy het hom só uitgelaat: “Ek glo die tyd is baie naby dat ons kerke van die OB-predikante gesuiwer sal word.” Hy het 'n aantal name in die koerante bekend gemaak van predikante wat aktief by die OB betrokke was.

Die Stormjaers het 'n militante beeld aan die OB gegee en toe sabotasie aan die orde begin kom het, het die rooi ligte begin flikker. Ds C R Kotze het ook tot ander insigte gekom en bedank. Ander het gevolg en dit was die begin van die einde van hierdie organisasie, maar nie van die kritiek teen die kerk nie. Die skade was aangerig.

Internering

'n Ingrypende gebeurtenis was die inhegtenisname, hofsak en gevangenskap in die Sentrale Gevangenis in Pretoria van dr J D Vorster. Hy was die leraar van De Nieuwe Kerk in Kaapstad. Hy is in 1941 gevonnissen op grond van die oortreding van die Wet op Staatsgeheime. Hierdie gebeurtenis was vir hierdie dominee 'n ingrypende ervaring. Sy gemeente het aan hom verlof vir 'n onbepaalde tyd gegee. Die Ring het op 6 Oktober 1941 'n brief in hierdie verband ontvang (Notule: Ring van Kaapstad 14 Sep 1942).

Toe hy vrygelaat is, het die gemeente geoordeel dat hy sy straf uitgedien, hom waardig gedra het en geen verdere kerklike tug op hom toegepas nie. Die saak is as afgehandel beskou (Olivier 1981:72).

'n Verdere ingrypende gebeurtenis was die internering van ds J J Fick. Hy is op 10 Oktober 1941 na die Ganspan-interneringskamp geneem en op 16 Desember na Koffiefontein oorgeplaas. Hy is vrygelaat op 14 Desember 1942. Sy ervaring was dat die kerk in daardie tyd die rug op hulle gedraai het. Hy was die enigste leraar van die NG Kerk wat ooit geïnterneer is in daardie oorlog.

Eerwaarde M S F Grobler is ook in 1941 geïnterneer. Hy was 'n sendeling van die NG Kerk (BOPG 1953:206).

Volgens die regsproses wat die staat in die oorlog gevolg het, het die geïnterneerde nie altyd onmiddellik die klag teen hom gehoor nie. Hy het ook nie die geleentheid gehad om regsgeleerde bystand te bekom om klaers en getuies in kruisverhoor te neem nie. Geen saak van 'n geïnterneerde is ooit voor die hof verhoor nie (Van der Watt 1987:366). Daar was dus ook ernstige rede onder geïnterneerdes om gegrief te voel.

Alhoewel die vermelde gevalle van geïnterneerdes maar enkeles was in verhouding met die getal predikante in daardie stadium, was die gevolge daarvan tog verreikend in die gemoedere van die kritiese lidmate. By talle het die vraag ontstaan of die politieke en ideologiese oorwegings nie swaarder geweeg het as die kerklike nie. Vir die predikante onder skoot was dit deel van die kerklike roeping in terme van hulle lewens- en wêreldbeskouings. Vir hulle was die volksaak ook 'n Godsaak.

Die Rooi-lussie-twis

Die algemene gespanne atmosfeer het na die binnekringe van gemeentes deurgewerk. Soldate wat 'n spesiale "attestatie" onderteken het om vrywillig na die Noorde te gaan om aan die oorlog deel te neem het 'n rooi lus op die skouer gedra om hulle van die ander te onderskei.

Volgens enkele oorlewerings is hulle by geleentheid versoek om eredienste te verlaat. In sommige gevalle het predikante geweier om hulle kinders te doop. Op Potchefstroom het ds Worst na bewering, terwyl Rooi-lussies die kerk ingestap het, gesê: "Israel het altyd die Filistyne uit sy midde geweier, hier het pas Filistyne ingestap" (Olivier 1981:70). Dit het uiteraard bitterheid veroorsaak wat jare daarna oorgelewer is aan nageslagte. Nie alle soldate het die eed geteken nie en so as anti-oorlogsgesindes bekend geword. Hulle het soms onder druk dan tog die eed geteken (Kruger 1977:547).

In Mei 1942 het ds H D A du Toit hom hieroor uitgelaat en daarop gewys dat daar soveel vooroordeel en misverstand was dat die suiwer weergawes van die gebeure nouliks moontlik was. In die gevalle waar klagtes opgevolg is, het die misverstande gou aan die lig gekom (*Die Kerkbode* Mei 1942).

Die latere prof T N Hanekom vertel dat hy en ander leraars van Stellenbosch teen die oorlog gekant was, maar dat hulle besef het dat hulle geroep was om hulle "taak as leraars" uit te voer. Hulle het vermitiese se geliefdes ondersteun en soldate se kinders in hulle huise gedoop as 'n spesiale vergunning met kennis aan die kerkraad. Sy weergawe word bevestig wanneer ons lees dat die Ring van Stellenbosch "met dankbaarheid kennis neem dat die verskil van opinie op politieke gebied nie die eenheid van die kerklike gebied in die gemeente verbreek het nie" (Hanekom 1979:onderhoud).

Ten spyte van hierdie prysenswaardige verhale was daar baie misnoeë met die optrede van predikante. 'n Brief is deur *Die Kerkbode* ontvang van "sektaris (org) Springbokke" wat "so kwaadaardig was" dat dit nie geplaas kon word nie (*Die Kerkbode* 26 Jul 1944).

In *Die Kerkbode* van 16 Augustus 1944 skryf die redakteur meer breedvoerig oor die teenstanders en vyande van die kerk onder die opskrif "Die stryd verhewig". Hy wys op twee soorte vyande van die kerk en sê dat hulle die kerk daarvan beskuldig dat hy "kant gekies het in die politiek" en "hom aan partypolitieke drywery skuldig gemaak het" (*Die Kerkbode* 16 Aug 1944). Hy erken dan dat "predikante en kerkrade soms onversigtig opgetree het" en "die politieke gevoelens loop hoog ... (en) ... dat aan optrede in verband met land en volksake politieke bybedoelings toegeskrywe word, selfs die beywering van moedertaalonderwys" (*Die Kerkbode* 16 Aug 1944).

Nog later het die Kaapse Sinode in 1945 kommer uitgespreek oor geïnterneerdes, die aard van die oorlog en gepleit vir 'n beter verhouding tussen kerk en staat. Die kerk het die gesag van die owerheid erken. Ook verwerp die kerk "militarisme waardeur die Christelike moraal met voete vertree en ontsaglike offers aan goed en bloed van die mensdom geveerg word" (Acta Synodi 1944, KKA:57).

Tot aan die einde van die oorlog en daarna was daar verwyte en verweer gegrond op ideologiese gegronde politieke voorkeure en kantkiesery. Die kerk is daarby ingesleë deur kritici.

Ondersteuning van die volksaak

Groot opheffingswerk is byvoorbeeld onder Afrikaners deur die Reddingsdaadbond (RDB) gedoen met die ondersteuning en leierskap van ds (vader) J D Kestell. Hy het nooit daarop getwyfel nie dat die kerk die volk moes help red. Daarom het die Ekonomiese Volkskongres in 1939 in Bloemfontein plaasgevind. Die RDB het met nuwe visie en daadkrag na vore getree met die groot kampvegter N Diedericks. Die intieme samewerking tussen kerk en volk het ongemaaklike afmetings aangeneem. Toe die volksaangeleentheid ter sprake gekom het, is die volgende gesê: Die kerk moet “as oudste volksinstelling tog daarin ’n mate van medeseggenskap behou” (*Kerk en stad* 1947:371) Hierdie sterk sentimente het beslis baie weerstand opgeroep by lidmate wat anders gedink het en veral by diegene wat die hele saak uit ’n Europese perspektief beskou het. Daar was talle lidmate wat direkte Europese bande gehad het.

Dieselfde sensitiwiteit het geheers ten opsigte van taal. Die kerkraad van die Paarl het op ’n buitengewone vergadering ’n groot stryd gevoer oor deelname aan die Taalkongres in Bloemfontein op 14 Desember 1943. Die teenstanders het gevra: Om met die oog op politieke verdeeldheid in die gemeente geen standpunt in te neem ten opsigte van die kongres nie (Notule: Ring van Paarl 30 Nov 1943).

Hierdie enkele verwysings laat ons vermoed dat die patroon wyer gestrek het in die kerklike lewe. Dit bevestig die verweeftheid van die kerklike en politieke geskiedenis van die tyd.

DIE KERK AANVAAR DIE UITDAGING

Ten spyte van al die spanning, agterdog en kritiek het die kerk die oorlog as ’n uitdaging aanvaar en hom beywer vir die bediening van die soldate. G de C Murray skryf in sy artikel “Kosbare geleentheid” in Februarie 1941 dat die jong soldate by hulle terugkeer vir die kerk verlore sou wees indien hulle nie geestelik bearbei sou word nie. Al sou daar verskillende sieninge oor die oorlog wees, moes die kerk sy soldate pastoraal bystaan (*Die Kerkbode* 26 Feb 1941).

Toe die oorlog uitbreek het, was daar net drie staandemag-kapelane, waarvan twee aan die NG Kerk behoort het, naamlik di A G O Coertze en G R van Rooyen.

Reeds op 28 September het die moderature van die vier gefedereerde kerke ’n gesamentlike verklaring uitgereik. Die beleid is uitgespreek dat dit die taak van die kerk is om lidmate wat aan die oorlog deel sou neem geestelik te bearbei. Dit is regdeur die sinodale gebiede gehandhaaf en die behoefte aan veldpredikers is uitgespreek. Die moderature het die leiding geneem en die nodige onderhandelinge met die Departement van Verdediging gevoer. Talle oproepe in *Die Kerkbode* het hierop gevolg. Reeds op 18 Oktober 1939 het ds W Nicol in sy gereelde rubriek gepleit dat “leraars hulle as veldpredikers moet aanmeld”.

Daar is voorts besluit om op interkerklike basis by die regering aan te klop. ’n Kommissie van die drie Afrikaanse susterkerke, bestaande uit ds W M Nicol (Nederduitse Gereformeerde Kerk), ds C H S Steenkamp (Gereformeerde Kerk) en majoor (ds) A G O Coertze (namens die kapelane), het Smuts op 12 Maart 1940 gaan besoek. Die resultaat was positief en die kommissie moes as skakel optree (Olivier 1981:47).

TEN SLOTTE

Het die ideologiese keuse vir die nasionalistiese strewe van die Afrikaner by kerkleiers ’n invloed op die algemene siening van die bediening gehad? Die antwoord moet ongetwyfeld “ja” wees. Die

kerk was versigtig om amptelik standpunt in te neem. Daar is genoeg bewyse daarvoor (Acta Synodi 1940, KKA:237-247). Tog het ten minste die Sinode van die Vrystaat prominent gesê waar hy staan en ander het dit nie-amptelik tog laat deurskemer. Verskeie vergaderings, dominees en lidmate het hulle ideologiese voorkeure duidelik gewys deur hulle optrede of selfs aktiewe betrokkeheid. Dit is vererger deurdat dominees in aanhouding beland het en toe soldate, na bewering, in erediens te ontuis laat voel is of selfs in uitsonderlike gevalle gevra is om uit te gaan. Dit het die kerk groot skade berokken omdat lidmate ervaar het dat die hoofsaak van die kerk op 'n sypoor geplaas is omdat die politieke en ideologiese voorkeure van die kerk, en veral kerkleiers, voorrang geniet het. Die algemene indruk is dat die blatante partydige optrede waarna reeds verwys is eerder die uitsondering was as dat dit die groot meerderheid kerkleiers verteenwoordig het. Die gevolgtrekking moet egter gemaak word dat die kerk uiters versigtig moet wees om veral partypolitiese kant te kies sonder om gevaar te loop om sy respek by lidmate te verloor. Die verantwoordelikheid van leiers is soveel groter.

In normale omstandighede sou die kerk se pleitrede teen oorlog in die algemeen en deelname aan 'n oorlog buite die landsgrense edel geklink het. In die omstandighede van daardie tyd was die vermoede net te sterk dat die NG Kerk se belang by uitstek by die Afrikaner in sy nasionalistiese strewe gelê het. Die keersy in die verhouding was ook waar, sodat die kerk instrumenteel was vir die volksapasiries en daarom as 't ware 'n gevangene van ideologiese voorkeur. Die gevaar dat die kerk 'n speelbal kan word van ideologiese voorkeure en selfs instrumenteel daarvoor aangewend kan word, is altyd groot. Dit is duidelik dat die kerk se hoofsaak na binne gerig was in dié mate dat dit vir kritici eksklusief gelyk het. Die verdenking teen die kerk in daardie tyd was ernstig en het nie in die jare wat sou volg, afgeneem nie.

BRONNELYS

Boeke

- BOPG 1953 (Die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes). *Agter tralies en doringdraad*. Stellenbosch: Pro-Ecclesia Drukkery.
- De Gruchy, J W 1979. *The Church struggle in South Africa*. Kaapstad.
- Diedericks, N 1965. *Nasionalisme as lewensbeskouing*. Bloemfontein.
- Du Preez, A B 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens*. Kaapstad – Pretoria.
- Geldenhuys, F E O'Brian 1982. *In die stroomversnellings*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hanekom, T N (geen datum). *Kerk en volk*. Kaapstad.
- Hofmeyer, J W & Pillay, G 1994. *A history of Christianity in South Africa*, Vol 1. Pretoria: Haum Tertiary.
- Joubert, D 1973. *Oorlogsverklaring 1939, Drama in die Volksraad*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.
- Kruger, D W 1977. *Die geskiedenis van Suid Afrika*. Elsievier: Nasionale Boekdrukkery.
- Mostert, D 1940. *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika. Eeufees 1838-1939*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Nepgen, C C 1938. *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekende*. Stellenbosch.
- Olivier, A R 1981. *Die NG Kerk en die Tweede Wêreldoorlog*. Ongepubliseerde MTh-skripsie. Universiteit van Stellenbosch.
- Patterson, S 1957. *The last trek*. London: Routledge and Kegan Pul Ltd.
- Pirow, O 1940. *Nuwe orde vir Suid-Afrika*. Pretoria.
- Potgieter, J F 1971. *Die militere kapelaan*. Proefskrif. Pretoria.
- Reick, A 1951. *Jan Christiaan Smuts: his character and life*. Kaapstad.
- Stoker, H G 1941. *Stryd om die ordes*. Pretoria.
- Thom, H B 1980. *D F Malan*. Kaapstad.
- Van der Watt, P B 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 -1975*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Visser, G C 1976. *OB. Traitors or patriots?* Kaapstad.
- Wilken, C J 1998. *Port Elizabeth during the Second World War, 1939-1945*. Tesis. Universiteit van Port Elizabeth.

Onderhoude

Vorster, J D 1980. Kaapstad.

Hanekom, T N 1979. Stellenbosch.

Robinson, P 1980. Stellenbosch.

Periodieke publikasies

Die Kerkbode.

Die Suiderstem.

Die Ossewabrandwag.

Journal of Theology for Southern Africa 1992.

The Star.

Argivale bronne

Acta Synodi.

Notules Ringe: Paarl en Stellenbosch.

Ander

Kommissie van Onderzoek oor stadstoestande: Kerk en Stad. Stellenbosch 1947.